# BEELDENDE KUNSTE

## Graad 6

Praktiese vaardighede

15 ure

## Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- bekend te stel aan die bydraes van beeldende kunste in ons volkskuns.
- die geleentheid te gee om verskillende kunstegnieke aan te leer.
- die geleentheid te bied om uiting te gee aan skeppende vermoë.
- bewus te maak van talente en hom te help om dit te gebruik.

## Spesialisasievereistes

Om hierdie kenteken te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. Kan verduidelik wat beeldende kunste is en dit van uitvoerende kunste kan onderskei.
2. Kennis maak met die volgende bekende Afrikaanse kunstenaars wat groot werke in beeldende kunste gelewer het en een werk, wat 'n groot bydrae tot die Afrikaner se erfenis gemaak het, van elkeen kan noem en dit op foto's kan uitken:
   - Coert Steynberg, beeldhouer
   - Jacob Hendrik Pierneef, skilder
   - Anton van Wouw, beeldhouer
   - Willem Hermanus Coetzer, skilder
3. Een van die kunstenaars in vereiste 2 kies en meer oor hom leer deur die volgende inligting in te samel en dan te kan gesels oor die kunstenaar of 'n skryfiereeks saamstel en aanbied aan die hand van kennis wat ingewin is en die volgende insluit:
   - Wanneer die kunstenaar geleef het.
   - Waar die kunstenaar gewoon het.
   - Wat die onderwerp van sy kunswerke was.
   - 'n Foto van die kunstenaar.
   - Interessante stories uit die kunstenaar se lewe.
   - Vyf foto's van bekende kunswerke van die kunstenaar.
   - Wat sy bydrae was tot die Afrikaner se kultuurskatte.
4. Kennis neem van die besondere handwerkartikels wat tydens die Anglo-Boereoorlog deur boere in die bannelingkampe gemaak is:
   - Drie redes waarom hulle artikels gemaak het.
   - Watter tipe artikels gemaak is.
   - Watter materiale gebruik is om hierdie artikels te maak.

## Spesialisasievereistes

5. Demonstrasies van die volgende nege tegnieke bywoon en dan vier kies, aanleer en gebruik om vier kunswerke te skep:
    - Tekentegniek: Maak gebruik van een van die volgende mediums (potlood, houtskool, kleurpotlode of pastelle) en gee aandag aan skaduwees en kleurskakerings om ’n tweedimensionele skets te maak.
    - Skildertegniek: Maak gebruik van een van die volgende mediums (waterverf, olieverf, glasverf of lapverf) om ’n tweedimensionele kunswerk te skilder.
    - Modelleertegniek: Maak gebruik van een van die volgende mediums (klei, gips, papierpap of draad) om ’n driedimensionele kunswerk te maak.
    - Hout: Gebruik verkieslik jou eie ontwerp en gebruik houtsneetoerusting om die motief uit hout te kerf of brand ’n motief op hout.
    - Mosaïek: Gebruik verkieslik jou eie ontwerp. Gebruik teëls, klip, glas, krale of sade om die ontwerp mee uit te bou.
    - Piouter: Gebruik verkieslik jou eie ontwerp om ’n artikel soos ’n juwelekissie te versier.
    - Kalligrafie (sierskrif): Maak byvoorbeeld ’n kaartjie, gedig, gesegde of boodskap met sierskrif.
    - Collage: Maak ’n muurbehangsel deur gebruik te maak van stukkies vilt, lappies, leer, skulpe, teëls, glasstukkies, sade, sand, wol, krale of tou. Gebruik verskillende tegnieke en eie ontwerp.
    - Drukwerk: Versier ’n artikel met selfgemaakte stempels. Aartappels, karton, linosnee, spons, tou of tinfoelie kan as medium gebruik word.
6. Elke jeuglid beplan hoe hy sy vier gekose projekte gaan aanpak met die tyd tot sy beskikking, bepaal die materiaal en toerusting wat hy benodig en bereken die koste.
7. As groep ’n uitstalling beplan en hou van al die artikels. Die naam van die kunswerk en die kunstenaar moet netjies op elke stuk aangebring word.

## Aanbieding

Vereiste 1. Woordeboekverklarings kan as vertrekpunt gebruik word. Gee ook die jeuglede die geleentheid om hulle verduideliking van die verskil te gee.

Vereiste 2. Al vier hierdie kunstenaars het groot bydraes gemaak. Probeer meer bekende werke, skilderye en beelde kies wat besoek kan word waar moontlik.

Vereiste 3. Een kunstenaar kan tydens die aanbieding behandel word of jeuglede kan elkeen ’n ander een kies en inligting en foto’s oor die kunstenaar en sy werke bekom wat dan met die groep gedeel word.

Vereiste 4. Bekom inligting en foto’s hieroor uit publikasies van die Anglo-Boereoorlog. Van hierdie artikels het behoue gebly en kan vandag in museums gesien word. Die Boere was baie handvaardig. In die bannelingkampe het hulle uit hout, been, horing, skulpe en klip mooi artikels soos kieries, houtkissies, borsspelde en hangertjies vir geliefdes na wie hulle verlang, pype, eetgerei, bankies en speelgoed gekerf met knipmesse of getimmer. Hierdie artikels het die lang ure van niks doen gevul, verveeldheid teengewerk, was in party kampe ’n bron van inkomste en was ’n manier om die verlange na geliefdes wat baie ver was, te

## Aanbieding

hanteer deur geskenke vir hulle te maak.

Vereiste 5. Probeer kundiges betrek om demonstrasies te kom lewer van die verskillende tegnieke. Goeie video's op die internet kan ook gebruik word. Voorbeelde van voltooide artikels is ook goed om jeuglede se belangstelling te prikkel wanneer hulle moet kies watter vier tegnieke hulle wil aanleer en watter artikels hulle wil maak.

Vereiste 6. Deeglike vooraf beplanning deur die aanbieder is nodig. Kostes moet in ag geneem word, volledig bereken word en voor die aanvang van die projek met die ouers bespreek word. Hou boek van uitgawes. Indien die spesialisasie oor 'n tydperk aangepak word, reël werksessies om te verseker dat almal vorder met hul projekte en stel duidelike datums wanneer alles moet klaar wees en ingedien word. Beplan hierdie werksessies saam met die spanjaarprogram.

Vereiste 7. Bepaal vroegtydig 'n datum waarop alles moet klaar wees. Beplan saam met die jeuglede die uitstalling en maak iets besonders daarvan om vir die jeuglede 'n kunsuitstallingervaring te gee. Dit mag dalk beter wees dat die aanbieder self al die voltooide kunswerke bewaar tot die uitstalling gehou word. Nooi spesiale gaste soos ouers, ander Voortrekkers en aanbieders en dalk 'n kunstenaar na die uitstalling. Doen verwelkoming en bedankings tydens die opening van die uitstalling. Die uitstalling kan ook tydens die kommando se jaarafsluiting gehou word. Dit is 'n goeie tyd om ook die evaluering te doen.

## Hulpbronne

1. Handwerkboeke
2. Video's waarin tegnieke gedemonstreer word.
3. Museums en kunsgalerye

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.